

## Maandag 3 Julie

**Skrifgedeelte: Handeling 10:34-43**

**Fokusgedeelte: Handeling 10:38**

### Doen soos Jesus gedoen het

Een van die gevaarlikste misverstande oor Jesus is dat Hy slegs 'n goeie voorbeeld is. 'n Navolgenswaardige persoon, wat liefde, kompassie en etiese waardes aan die mens kom leer het. Dan is Hy 'n leermeester soos baie ander. Dit is onder andere hoe Islam oor Jesus dink. As jy op hierdie manier oor Jesus dink, dan is Christenskap bloot 'n waardesisteem, dikwels nogal een wat kultuurgebonde is. Jesus het egter in die eerste plek iets anders kom doen. Hy het kom sterf deur aan 'n kruis te hang (Hand. 10:39). God het Hom ook uit die dood opgewek sodat elkeen wat in Hom glo, vergewing van sondes ont-vang (vs 40, 43). Op hierdie wyse word sondaars met God versoen. Om jou-self “Christen” te noem, beteken bo alles dat jy Jesus erken as “Here” (vs 36). Dit is die Een wat jou gekoop het om vir ewig God se kind te wees. Volgens vers 35 is so iemand 'n persoon wat God vereer. Die 1933-vertaling sê: “... Hom vrees ...” Vrees is nie bang wees nie, maar heilige respek. Jesus is nie (net) voorbeeld nie, maar Hy is Verlosser wat ons leer om God te respekteer (vrees). Vers 35 sê egter ook: “... en doen wat reg is.” Ja, Jesus is óók 'n voorbeeld! Omdat ons met God versoen is, loop ons in die voetspore van Jesus. Iemand het gesê: Jy loop só naby Hom dat die stof wat sy voete maak, as't ware op jónu kom lê! Jy doen wat Jesus gedoen het, jy leef in navolging van die Meester, en “Hy het rondgegaan (en) oral goeie werke gedoen ...” (vs 38). Hierdie tipe doen is onlosmaaklik deel van 'n Christen se lewe. Dit be-teken hom/haar as dissipel in die ware sin van die woord. Jesus self sê: “Ek was honger ... dors ... naak” en julle versorg *my* in soverre julle dit aan die geringstes doen! (Vgl. Matt. 25:31-46.)

*Dink vandag hieroor:* Die Here Jesus versoen my met God, en dáárom leef ek 'n nuwe lewe. Is ek waarlik intensioneel (met voorbedagte rade, kan mens sê) besig om Jesus se hande en voete in hierdie wêreld te wees?

*Bid vandag hieroor:* Gee my, o Here, die genade van u Heilige Gees wat my oortuig en lei om dié dade te doen wat Jesus in hierdie lewe sigbaar maak!

*Sing: Psalm 25:2 (1936)*

*Dr. AJ (Braum) Krüger (Benoni)*